30 Desember 2011[1]

Carine van Zyl
Tel. (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 30 Desember 2011 vir koring lewering in Januarie was R2694 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (30/12/2011) R/mt					Week eindig R/mt (23/12/2011)	Vergelykende verhandelings-dag R/mt (31/12/2010)	% Ver-andering
Kommoditeit	Jan-12	Feb-12	Mar-12	Mei-12	Jul-12	Jan-12	Jan-11	Jan-11 tot Jan-12
Koring	2694	-	2753	2795	2806	2640	2800	**-4%**
Geelmielies	2580	-	2520	2070	1963	2508	1398	85%
Witmielies	2607	2568	2564	2270	1999	2510	1305	99%
Sonneblom	4305	-	4400	4250	4280	4300	5000	**-14%**
Sojabone	3360	-	3430	3490	3527	3274	3350	**-0.3%**

Bron: SAFEX, 2011

Reën was tot dusver baie wisselvallig met dele wat goed lyk en ander dele wat kommerwekkend is. Die grootste deel van die somergraangebied het reeds redelike hoeveelheid reën ontvang, maar die aanplantingstempo steeds stadig in sommige dele. Alhoewel die meeste dele reeds hul aanplantings voltooi het; moet daar ook in ag geneem word dat die ideale planttyd reeds verby is. Volgens projeksies in die bedryf sal die mielie-aanplanting effe meer wees as die 2.602 miljoen hektaar wat in Oktober deur die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) aangekondig is.

Die plaaslike mielieprys kry egter sterk ondersteuning van die hoër internasionale prys. Die witmielieprys is tans ver bo uitvoerpariteit van R2245 vir Maart, die uitvoerpariteit vir Julie is R2320 en kan pryse verder ondersteun (*Senwes,* 2011). Geelmielies verhandel teen invoerpariteit aan die kus, alhoewel die prys ook hoër is as die Julie-uitvoerpariteit van R1930 (*Senwes*, 2011).

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

Die knap mielievoorraad situasie kan drastiese gevolge vir die mieliebedryf in Suid-Afrika inhou indien dit nie reg bestuur word nie. Daar moet ook kennis geneem dat Suid-Afrika die seisoen vir die eerste keer sedert die 2002-03 seisoen koring (reeds 118 437 ton) vanaf Rusland ingevoer het (*SAGIS*, 2011). Volgens Graan SA se Jannie de Villiers was Russiese koring internasionaal die goedkoopste en het die Argentynse koringinvoere vir Suid-Afrika vervang (*Bloomberg*, 2011). Die VSA se '*Hard Red*' winterkoring invoerpariteit is reeds R3330/ton gelewer Randfontein. Argentynse invoerpariteit is R2760 (*Senwes,* 2011). Brasiliaanse koring kan egter goedkoper ingevoer word, maar die kwaliteit van die koring word bevraagteken.

2. EKONOMIE & ENERGIE

Daar is die afgelope week deur die sentrum vir Ekonomiese en Besigheid Navorsing aangekondig dat Brasilië se ekonomie diè van Brittanje verby gesteek het; Brasilië neem dus Brittanje se plek is as die 6de grootste ekonomie ter wêreld oor. Brasilië se ekonomie het in 2010 met 7.5% gegroei, daar word tans verwag hul ekonomie vanjaar met 3.5% sal groei ten spyte van die internasionale situasie.



Die geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 30 Desember 2011 waarteen die Rand teenoor die VSA-Dollar verhandel het, was R8.13 (*Reserwe Bank*, 2011). Die Rand het vanaf 24 November tot die einde van 2010 met 4.8% teenoor die VS-Dollar versterk.



Ru-olie het die jaar afgesluit met klein veranderinge gedurende die laaste week in 2011. Die Brent ru-olie het die afgelope week teen 'n gemiddeld van $108.50 per vat verhandel; die weeklikse prys het toon 'n gemiddelde verandering (daling) van 1.53% (*NRG Trading*, 2011).

Die plaaslike prys van petrol daal iin Januarie vir die tweede agter-eenvolgende maand. Die petrolprys sal in Januarie met 6 sent per liter daal terwyl die dieselprys 20 sent per liter goedkoper sal wees (*News 24,* 2011). Die plaaslike prys is in reaksie op die daling in die internasionale prys ten spyte van die verswakking van die Rand teenoor die Dollar volgens die Department van Energie (*News 24*, 2011). Die daling in die brandstofprys dra ook by tot die beperking van verdere styging in die inflasie.

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Suid-Amerika bly in die graannuus; Brasilië en Argentinië is verantwoordelik vir 30% van die wêreld se mielie-uitvoere (28.5 miljoen ton uit 94.7 miljoen ton). Die kanse vir reën in Argentinië en Brasilië is steeds nie na wense nie, dus het die situasie 'n groot invloed op die internasionale graanpryse. Voordat die ergste droogte in Argentinië toegeslaan het, was die skatting in die omgewing van 27-29 miljoen ton, maar nou skat *Agrobrokers,* Argentinië se mielieproduksie as ongeveer 24.5 miljoen ton; wat steeds die vorige produksierekord van 23 miljoen ton oorskry, alhoewel hul gehoop het vir 'n veel groter oes vanjaar (*Reuters*, 2011).

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

In Brasilië is die kanse vir reën effe beter oor die sentrale dele, maar die suide is steeds droog. Die suide, veral *Rio Grande du Sol* produseer ongeveer 10% van die land se mielies. Parana wat ook droog is produseer 25% van die land se mielies. Dus is daar al meer verhandelaars wat die oesskatting afwaart aanpas.

Die koringprys sal na verwagting geleidelik hoër beweeg saam met die mielie- en sojaboonpryse. Die droër toestande oor die Swart See area bied verdere ondersteuning aan die prys. Ten spyte van dele van Rusland wat droog is, voer die Landbou Minister aan dat wintergraanproduksie 40 miljoen ton kan bereik in die komende jaar, 2 miljoen ton meer as die huidige produksiejaar. Rusland se graanuitvoere beloop reeds ongeveer 17.5 miljoen ton; volgens die regering bestaan die moontlikheid steeds dat hul die beoogde 24 - 25 miljoen ton kan uitvoer aangesien die bemarkingsseisoen eers op 31 Junie sluit. Rusland se 2011 graanoes word voorlopig as 93.9 miljoen ton bevestig; die oes voldoen aan die lande se plaaslike vraag en kan ook ongeveer 25 miljoen ton graan in die 2011-12 seisoen toelaat (*Reuters*, 2011).

Oekraïene kan tot 1.5 - 2.0 miljoen hektaar se wintergraan oor plant, nadat droogte sy tol geëis het, verder beoog die land steeds om ook die lentegraanproduksie uit te brei om op te maak vir die verliese. Oekraïene het ook verder 1.65 miljoen ton graan (1.22 miljoen ton mielies, 380 000 ton koring en 50 000 ton ander grane) van 1 Desember tot 26 December uitgevoer teenoor die 1.81 miljoen ton wat gedurende November uitgevoer is.

China se totale graanoes beloop 570 miljoen ton vir die jaar, 4% meer as verlede jaar, dit is ook die 8ste agtereenvolgende jaar met verhoogde produksie. Produksie het met 140 miljoen ton oor die afgelope 8 jaar gestyg. Alhoewel die graanaanbod verhoog dit ook algemeen bekend dat die land se vraag na voedsel teen 'n sterker tempo styg.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**